toekomstige soortgelyke ondersoeke wees.

Daar kan seker gevra word waarom slegs agt van die distrikte uit die eertydse Verowerde Gebied hier as "Grensgordel" uitgesonder word. Dit spreek duidelik uit die ondersoek dat dié distrikte eens deel van 'n veel breër opset was as bloot die geografies-militêre van die slepende Basoeto-vraagstuk. Verder neig die verhaal soms om suiwer kroniek te word — 'n neweproduk van die omvang van die ondersoek wat bepaald nie vermy kon word nie.

Desnieteenstaande getuig die werk as geheel van hoë wetenskaplike keur. Die integriteit van die feite kan nie bevraagteken word nie, terwyl die oorgrote meerderheid van aflesings van objektiewe en onbevange oordeel getuig. Ook die taal en styl is hoogstaande en die verhaal vloei logies en sinvol. 'n Besondere verdienste van die ondersoek is die knap wyse waarop algemene waarhede met die besondere van die Grensgordel geïntegreer is. So word die ontwikkeling van dié streek telkemale teen die breë Vrystaatse en nasionale agtergrond gespieël waardeur dit aan sin en inhoud wen.

Hierdie "tuinroete" van die Vrystaat met sy kenmerkende natuurprag van kranse wat die lug in steier en graanlande wat langs die rollende grasland tot teen die berghange opkruip, het hier beslis tot sy reg gekom. Die verhaal strek vanaf die vroegste bewoners en pioniers tot by die dorpslewe van vandag. Die lotgevalle van duisende mense en die wydgeskakeerde ervaring van byna twee eeue kom daarin tereg. Hier gewaar die leser meteens hoe 'n streek sy inwoners stempel.

Dat mnr. Eloff al hierdie menslike ervaring onder 'n enkele kombers kon tuisbring, spreek grootliks tot sy eer. Dis bepaald baanbrekerswerk wat sekerlik ook nie die laaste woord oor die betrokke streek is nie. Maar daar kan sonder vrees van teëspraak beweer word dat hy 'n tema aangesny en riglyne gelê het wat deur geen opvolger geïgnoreer sal kan word nie. Die Afdeling Streekgeskiedenis het hiermee goed van wal gesteek en daar word uitgesien na die volgende publikasie in hierdie reeks.

*A.P.J. VAN RENSBURG*
*Universiteit van Pretoria*

S.J. KRITZINGER. *Rustig vloei die Moreletta ...: geskiedenis van Silverton, Meyerspark, Salieshoek, La Concorde, Wilgers, Murrayfield, Val de Grace, Lydiana, La Montagne, Brummeria, Georgeville, Navors, met herinneringe van ou inwoners.* Rapportryerskorps van Meyerspark: Pretoria, 1980. 161pp., plus 16 pp. foto's. R4,00 (AVB inklusief)

Anders as wat die titel suggereer, is hierdie nie 'n geskiedenis van die Moreletta, 'n spruit wat deur oostelike Pretoria vloei, nie, maar van Silverton en die omliggende woongebiede wat in die subtitel aangedui word. 'n Plaaslike geskiedenis van hierdie gebiede is dit egter ook nie heeltemal nie, veel eerder 'n bloemlesing van interessante historiese materiaal — gedruk en mondeling oorgelewer — wat nostalgiese beelde uit die verlede van hierdie omgewing oproep.

Die skrywer wat baie van die ontwikkelings persoonlik meegemaak het, was goed toegerus om hierdie taak te onderneem, 'n taak wat hy met groot entoesiasme aangepak en deurgevoer het. Ongelukkig is hy self te min herskeppend aan die woord, sodat die uiters interessante historiese gegewens wat hy byeen gebring het, nie altyd samehangend aangebied word nie.

Nogtans bied die werk onderhoudende lees- en kykstof, nie net vir die inwoners van hierdie gebiede nie, maar ook vir die navorser, veral die naamkundige en die kultuurhistorikus.

Die boek is netjies uitgegee in 'n hardeband waarop 'n oorspronklike skildery van die pioniershuis in Silverton deur dr. B.K.J. Anderssen in volkleur afgedruk is. 'n Redelik volledige naam- en sakeregister maak dit maklik om naslaanwerk in die boek te onderneem.

*A.G. OBERHOLSTER*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

K. SCHOEMAN. *Bloemfontein — die ontstaan van 'n stad 1846—1946.* Human & Rousseau: Kaapstad, ens., 1980. 354pp., met 174 foto's. R19,50 (AVB eksklusief)

Wanneer 'n mens Karel Schoeman se werk onder oë neem, word jy getref deur die vloeiende, dikwels boeiende styl wat hom as erkende romanskrywer in die Afrikaanse letterkunde tipeer. Dit is 'n "lekkerlees"-boek, geskryf met 'n deernis vir die mense wat vir geslagte lank die "Rosestad" hul tuiste kom maak het. Hierdie pennevrug van 'n Hertzogpryswenner is al bestempel as "monumentaal, manjifiek" en selfs as die moontlike "boek van die jaar" (*Die Volksblad*, 24.9.1980); dit nie sonder rede nie. Vir die belangstellende, die breë leserspubliek en veral vir die voormalige en huidige inwoners van die Vrystaatse hoofstad, behoort Schoeman se boek inderdaad aangename leesgenot te verskaf.

In die eerste plek is die werk nie bedoel as 'n strakke, feitelike relaas van die wording, die wel en wee en die groei van 'n stad nie. Veeleer is dit 'n poging om uit te beeld hóé die sosiaal-kulturele lewe in Bloemfontein daar uitgesien het en te verduidelik wáárom dit so was. Gebeure in dié stad word steeds geteken teen die breë agtergrond van maatskaplike en politieke omstandighede of verwikkelinge in die Boererepubliek, die Oranjerivier-kolonie en die provinsie Oranje-Vrystaat.

Die subtitel ("die *ontstaan* van 'n stad") is enigsins misleidend want ofskoon Bloemfontein eers in 1945 *stad*status verwerf het, het daar op feitlik alle terreine *groei* en *vooruitgang* plaasgevind nadat die dorpie 'n eeu tevore sy beslag gekry het. In die hoofstukindeling is daar deurgaans van kort, pittige Engelse aanhalings gebruik gemaak, dog nie altyd op paslike of treffende wyse nie; dikwels word die inhoud van 'n hoofstuk nie in so 'n opskrif weerspieël nie (byvoorbeeld die ironie van hoofstuk 8: "The city smiles and dozes" — en dit terwyl oorlogsrumoer (1899—1902) in en om die stad opklink en die ganse lewensloop van die inwoners ingrypend beïnvloed word!!).

In sy aanbieding van die stof het die skrywer die chronologiese metode gevolg. Die geskiedenis van Bloemfontein word naamlik in tydsvolgorde behandel en nie volgens afsonderlike temas of binne 'n raamwerk van onderwerpe wat bymekaar gegroepeer is nie (byvoorbeeld godsdiens, plaaslike bestuur, politiek, onderwys, justisie en so meer). Die chronologiese benadering bring sekere leemtes mee waarvan verwarring oor die deurlopende aard van die ontwikkeling van bepaalde aspekte van 'n dorp of stad se verlede seker die vernaamste is.

Herhaling van gegewens om kontinuïteit te bewerkstellig, is dikwels ook kenmerkend van 'n studie wat die verlede volgens tydvakke en nie tematies nie wil rekonstrueer. Schoeman slaag nietemin wel daarin om hierdie probleem te oorkom deur sy onderhoudende en lewendige "vertel"-styl wat 'n geïntegreerde geheel verseker. Hy nooi die leser as't ware om saam met hom deur die strate van die stad te wandel, mense te ontmoet, en die "gees" en "atmosfeer" van vergange dae te adem. In hierdie opsig slaag die werk uitmuntend.

'n Indrukwekkende en omvattende reeks bronne is in die samestelling van hierdie publikasie geraadpleeg. Opvallend is egter die feit dat sekere dokumentgroepe nie deur die skrywer benut of ontgin is nie. Hier word veral gedink aan die korrespondensie tussen die Goewermentsekretaris en die Landdros van Bloemfontein (1854—1900), 'n bron van onskatbare waarde met direkte betrekking op die vroeëre geskiedenis van Bloemfontein. Ander argiefgroepe (ongepubliseerde materiaal) in die Vrystaatse Argiefbewaarplek wat met vrug bestudeer kon word en heelwat lig op die tema sou werp, is klaarblyklik ook nie geraadpleeg nie (onder meer stukke van die Staatsprokureur, Ouditeur-Generaal, Staatspresident, Governor en Military Governor, ORC, om maar enkeles te noem). Die verwysingstegniek wat gevolg word, is — eweneens uit 'n historiese oogpunt beskou — onbevredigend en selfs lomp. Die skrywer meld self in die voorwoord dat die wetenskaplikheid van sy werk "baie onvolkome" is omdat die boek "geen 'amptelike' geskiedenis van die stad (wil) wees nie". Hy vertrou egter dat die boek "aanvaar sal word as wat dit is: geskiedenis met alle piëteit aangebied deur 'n romanskrywer."

Wat die uiterlike voorkoms van die boek betref, het ons hier met 'n keurig versorgde tipografiese produk te doen. Veral die stofomslag — 'n volkleurafdruk van 'n olieverfskildery van Bloemfontein (*ca.* 1851) deur Thomas Baines — verhoog die estetiese van die publikasie terwyl die versameling van ruim 170 historiese foto's ook tot die finesse bydra. Tog is dit jammer dat in die inhoudsopgawe geen verwysing is na die fotoseksie wat op bladsy 307 volg nie. Indien die foto's eweredig deur die boek versprei was om relevante teksgedeeltes toe te lig, sou dit veel meer trefkrag gehad het as die opeenstapeling in 'n soort "foto-album" soos in dié publikasie die geval is. 'n Afsonderlike fotoregister sou die opspoor van persone, plekke of geboue ook aansienlik vergemaklik. Die wyse waarop die bladsye tussen die nabetragting en lys van bronne genumereer is, kan die leser insgelyks verwar; vir die fotoseksie — wat in werklikheid 85 bladsye beslaan — word geen voorsiening gemaak nie. Die oplossing sou bes moontlik gewees het om die bladsye waarop foto's afgedruk is ook te nommer.

Alles in ag genome, is die verhaal van Bloemfontein 'n roerende uitbeelding van hierdie mooi stad en sy mense; die skrywer verdien lof vir sy toewyding om die "dorp(ie)" van gister in die geheue van die "stadsbewoners" van vandag en môre te bewaar.

*C.C. ELOFF*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*